VAN ONS SUSTERS

Ons eerste Sustersvergadering na die reses, was Dinsdagaand 7 Augustus in ons saal. **Willemien van Heyningen** het met die Susters kom gesels oor een van haar 23 sketse uit haar boek *'Van Jesus Gepraat'*. Sy het 'n gedeelte oor Thomas vir die Susters voorgelees en ook verduidelik hoe sy aan die stories gekom het. Sy het haar boek te koop aangebied en die susters kon met 'n heerlike eetdingetjie en koppie tee in die hand met haar gesels na die voorlesing.

Ons dank al die Susters wat by die vergadering was asook die dames wat as gasvrouens opgetree het. Ons sien uit na ons volgende Sustersvergadering wat 4 September by Huis Eikelaan gaan wees om 18:30. - *Erica Venter*

Oktoberfees

Sustersverkoping van 2018 beloof om 'n heerlike kuier en koop geleentheid te wees. Om nie te praat van die lekker saamwerk nie. Wanneer almal in die gemeente saamwerk aan 'n projek leer jy regtig mense beter ken. Onthou jy is nie te nuut om betrokke te raak nie. Daar is soveel idees en planne om hierdie jaar se verkoping 'n reuse sukses te maak.

Susters met vlytige vingers kan asseblief begin om artikels vir die naaldwerktafel te maak.

Indien jy bereid is om êrens leiding te neem, kontak gerus vir Karin Bain – 082 532 1620

Maak 'n aantekening van hierdie datum *27 Oktober 2018*

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
31 Augustus 2018

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
R 20 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 25 Sondag 12 Augustus 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Flip Mostert** B6, **Gert van der Walt** C1, diakens wyke 6 **vakant** en C1 **Fanie Kruger**.
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke B4 & B5. Nico Malan en Paul Schutte
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **19 Augustus** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Haggai 2: 1 - 9
Fokusgedeelte: Haggai 2: 4, 6
TEMA: ***In gemeenskap met die Almagtige kan die kerk getrou wees aan haar roeping.***
SING: Psalm 33: 1, 2, 6; Psalm 76: 1, 4; Psalm 125: 1 – 3; Psalm 105: 5; Psalm 138: 1 - 4

AAND: Skrifgedeelte: Romeine 8: 28 - 39
Fokusgedeelte: Romeine 8: 29, 32, 33
Dordtse Leerreëls 2: 8
TEMA: ***Deur sy kosbare dood het Christus alles vir ons verwerf.***
SING: Psalm 99: 1 – 5; Psalm 63: 1, 3;
Skrifberyming 10: 1 - 6 (tema 5 - 4)

LIEF EN LEED

DOOP
Vanoggend word die heilige doop bedien aan **René van Niekerk**, die dogtertjie van Adriaan en Tanya van Niekerk.

Dagboek
12 Aug: **Telkommissie 2**
19 Aug: **Voorbereiding vir nagmaal**
26 Aug: **Nagmaal en gemeente-ete om 12:00**
31 Aug: **Gemeente-aand en hamburgerbraai**

Tanya is die dogter van Gert en Santa Meyer. Sy het groot geword in ons gemeente. Adriaan en Tanya is nou al vir drie jaar werksaam in Engeland en hoop om een of ander tyd weer terug te keer na Suid-Afrika. Ons is dankbaar saam met hulle en hulle ouers.

Kotie Bisschoff is steeds in die intensiewe sorgeenheid van die Urologiese Hospitaal in Pretoria. Sy het uitermate verswak in die afgelope tyd. Ons bid haar die Here se nabyheid toe.

Susan van der Merwe het die afgelope week 'n oogoperasie ondergaan. Ons bid haar spoedige beterskap toe.

Susan Botha het die afgelope week geval en haar heup gebreek. Sy is in Mediclinic geopereer en sterk tans ook daar aan.

Fedde Bisschoff (Snr) is nou al vir 'n paar weke siek en was al verskeie kere by die dokter gewees. Ons vertrou dat daar beterskap sal wees.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Emeritaatsfonds**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die **GKSA Sustentasiefonds**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE Volgende Sondag moet julle **Les 20** en **Psalm 66: 1B** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei* Hoofstuk 55
Katkisasie vir hoërskoolkinders op **Woensdae** om 14:15
vir Graad 8 – 10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.



VERGADERINGS in Augustus:
19 Augustus: **Kerkraad en Diakonie** vergader na die aanderediens
22 Augustus: **Sangkommissie** vergader om 17:30
NB 31 Augustus: **Gemeente-aand en Hamburgerbraai** vanaf 17:30
Hamburgerbraai - Japie en Pieter het gevra dat die datum skuif na 31 Augustus. Dis moeilik as dit die Vrydag voor die Nagmaalete is.

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens die 19de Augustus. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken.
Vir enige navrae kontak vir Willem van Heerden op 076 450 0562.

JORDANIë

Streek Midde-Ooste
Leier Koning Abdullah II
Bevolking 7 877 000
Christen 1.6%
Meederheidsgeloof Islam
Regering Parlementêre Konstitusionele Monargie
Ranglysposisie 21

"Christenskap is nie net iets wat op jou ID geskryf staan nie. Jy moet weer gebore word in Christus en as 'n ware gelowige leef." (Elke ID wat deur die regering van Jordanië uitgereik word, dui mense se geloof aan.)

Jordanië se samelewing is multi-etnies – iets wat ook weerspieël word deur die monargie van Jordanië. Die land is gasheer vir groot groepe vlugtelinge, meestal vanaf Irak en Sirië, wat lei tot ekonomiese-, politiese- en godsdienstige druk – dit alles saam kan moontlik destabiliserend wees. Die getal Christene in die land verminder al vir die laaste halfeeu. Vir 'n lang tyd was Jordanië, in terme van geloofsvryheid, een van die mees liberale lande in die streek. Dit blyk egter asof Christene 'n keerpunt beleef – veral Christen-bekeerlinge vanuit 'n Moslemagtergrond, wat die ergste graad van vervolging ervaar. Hulle verduur gereeld ondervragings deur die polisie en word selfs deur hul familielede ontvoer.

- Met dank aan *Geopende Deure Suider-Afrika*

Potchefstroom- Broodvasbinders vir rolstoele

Die volgende skrywe is ontvang van Santa Cronje – cronjefjs@gmail.com ☏ 083 739 9588. Ek benodig 200kg vasbinders om een rolstoel aan te koop. 200kg is gelykstaande aan 200 x 5 liter waterbottels. U word gevra om u broodvasbinders bymekaar te maak en kerk toe te bring vanwaar dit verder versorg word.

Aangesien die proppieprojek gestaak is kan lidmate vasbinders in die saal in die Diakonie se krat plaas.

Breadtags for wheelchairs

Kom ons kyk hoe gou kan ons 'n 5 liter waterbottel vol maak?

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

12 Aug	**Deon du Plessis,** Louis Leipoldtstraat 20, ☎ 072 358 3557
13 Aug	**Erna Venter,** Kampstraat 91, ☎ 072 129 2008
14 Aug	**Theuns Chamberlain,** Kruisstraat 98, ☎ 074 273 4150
15 Aug	**Johanna Buys,** Huis Eikelaan S 33, ☎ 018 297 4117
	Santie du Plessis, Jack Pauwstraat 6, ☎ 083 267 5877
	Hardus Jacobs, Plaas Witpoort
16 Aug	**Elize Coetzee,** Noordbrugoord 6, ☎ 083 225 0251
17 Aug	**Willem Petzer,** Maurylaan 19A, ☎ 083 626 4868
18 Aug	**Nathan Kent,** Deo Volente 6
	Coetzer Stoop, Sellschopstraat 3, ☎ 076 467 3426

ATTESTATE Attestate ontvang:

Vanaf die Gereformeerde Kerk Mooirivier: **Jannie Snyman,** Huis Eikelaan Toringblok 608, sel 082 589 3824. Sy is in Wyk C1 met ouderling Gert van der Walt, diaken Fanie Kruger en die Wyksuster is Mari Badenhorst.

Vanaf die Gereformeerde Kerk Mooirivier: **Mart Kruger,** Huis Eikelaan Suidblok 15, sel 079 775 6685. Sy is in Wyk C3. Die ouderling is Gerrit Badenhorst, diaken Klaas Wyma en die Wyksuster is Amanda du Plessis.

Baie welkom in ons gemeente

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. Melissa Kent sal die foto's neem

Beroep ontvang: Ds AB van der Walt (Braam) van Lichtenburg na Eden.

Kinders hou partytjie

Dis heerlike lente
Dis partytjietyd

Dis Saterdag 1 September 2018 om 10:00.

Ons gaan 'n heerlike partytjie hou. Alle kinders van graad 7 en jonger is welkom. Die formele uitnodiging sal volg.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Die kos wat Susan en Koos Nortjé maak is altyd 'n heerlike ete. Die spyskaart klink heerlik.
Beesbredie en hoenderpastei en ander kosse daarby.
So sal dit DV ook wees op **26 Augustus om 12:00.**
Johan du Plessis sal die besprekings behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600.
Die koste is **R 30** per persoon.

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 5 Augustus 2018 was R 7 230. Die kollekte ten bate van **ons Jeug** was R 2 240.

Die inkomste van die Diakonie in Julie 2018 was R27 805 en die uitgawes R 35 616. In die vakansietyd is ons inkomste altyd heelwat minder, maar ons uitgawes bly dieselfde.

Baie dankie aan lidmate wat regstreeks op die Diakonie se rekening inbetaal. Dit help geweldig baie.

Soos dit so mooi in die bevestigingsformulier staan *'want God het mense lief wat blymoedig gee'*

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat gehelp het om ons blikkieskos aan te vul. Blikkieskos: boeliebief, tamatie en uiesmoor, pitmielies, soetmielies, tuna, sousboontjies en ander blikkies. As jy 'n blikkie kos koop gooi maar 'n ekstra een in die mandjie vir die Diakonie. Jy kan die nie-bederfbare produkte in die wit krat in die saal sit.

U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk. Hierdie is slegs 'n voorstel!!.

Ons het heelwat uitgedeel en dit lyk of ons nooit te veel daarvan sal hê nie.

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 19 Augustus** tussen 07:30 en 08:00 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2 MHz/ 106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887."